

Inhoud Hierdie preek wys hoe God God is vir ons in ons rouSMART in die doodsoomblikke. God antwoord die vertwyfelde vraag of God nog steeds vir ons god in die dood kan wees in Christus met 'n versekerde "Ja." In Jesus Christus het God Homself bemagtig om alles wat Hy in ns lewe vir ons is, ook in en na die dood vir ons te wees.

Skriflesing: Ps. 88 1 Kor. 15:1-5; 53-58.

Teks Ps. 88 vers 11 Kan U aan dooies 'n wonder doen? en 1 Kor. 15: 53 Want hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike bekleed word. (Nuwe Direkte vertaling)

Tema: Jesus Christus is die Here wat aan dooies 'n wonder doen.

1. Ps. 88 word die donkerste Psalm in die Bybel genoem.

Die rede daarvoor is dat in hierdie Psalm is daar geen lof, dankbaarheid of aanprysing van God vir uitkoms of 'n antwoord op die gebed vir uitkoms uit nood nie. God gee nie vir hierdie persoon uitkoms uit die nood waarin hy is nie. Die nood in hierdie Psalm is siekte, siekte tot die dood toe.

Dit sien ons in uitdrukkings soos: "My lewe is by die doderyk" wat beteken dat die persoon weet dat hy in sy doodsoomblik leef. Daarom stel hy dat hy weet dat uit hierdie doodsoomblik is hy opgesluit en kan hy nie uitkom nie. Hy stel duidelik dat hy verslae die verskrikking dra van die sekerheid van sy dood.

2. In hierdie Psalm kry ons die gemoedstoestand van 'n persoon in die rouSMART van sy eie dood, nie die dood van ander mense nie, die rouSMART van 'n persoon wat weet sy siekte is ten dode toe.

Dit maak hierdie Psalm baie besonder.

Ons is vandag hier in die rouSMART van ons verlies van Elsa as ma, ouma, oumagrootjie en vriendin. Dit is wat ons in haar verloor het. Ons wil vanoggend eers na haar rouSMART waardeur sy gegaan het kyk. Elkeen van ons het een persoon verloor. Sy was in 'n proses waarin sy almal, alkeen van ons wat hier byeen is, verloor het.

Hierdie Psalm gee ons 'n venster nie in ons eie rouSMART oor ons verlies van haar nie, maar in haar rouSMART in haar verlies van ons. Haar verlies waarin sy vir jare vasgevang was deur eers deur altsheimers en die verswakking wat daarmee gepaard gaan.

Sy het nie net seuns, skoondogters, kleinkinders, familieledede of geliefdes verloor nie. Sy het stukkie vir stukkie, oor jare heen elkeen en almal verloor, deur haar siekte en verswakking. 'n Persoon wat agteruitgaan en sterwend is, rou ook. Sy rou oor alles wat sy verloor en besig was om te verloor.

3. Dit is hierdie rouSMART ervaring van 'n terminale siek gelowige wat in hierdie Psalm verwoord word. Kom ons kyk saam en deel hierdie rouSMART met haar.

Die rouSMART tree in in die wete van finaliteit: Daarom word daar in vers 4 gestel "Ek het genoeg gehad van teenspoed", die 53 vertaling stel "Ek is sat van teenspoed", bedoelende dat een liggaamsdeel na die ander gee in en wanneer een pyn gestil is, is daar 'n nuwe pyn. So aanhoudend seker na die dood dat 'n mens sat is vir die lewe.

RouSMART gaan oor ontwrigting: Vers 2 stel dat dag en nag nie meer saak maak nie want die sterwenstyd ken nie die onderskeid tussen dag en nag nie. Dit is aanhoudend. Daarom roep die PsalmSKRYWER die Here nou aanhoudend aan.

RouSMART gaan oor oorgawe: Vers 5 wys die vernedering van die kragteloosheid van iemand wat hom met niks meer self kan help nie en oor gee aan sy eie verswakking.

RouSMART bring afskeid: Vers 6 wys die bewussyn van hoe geliefdes en die persoon wat sterf saam weet dat hierdie die sterwenstyd is. Die persoon wat sterwend is weet ook dat geliefdes besig is om afskeid te neem en te rou oor hy reeds in die sterwenstyd is, om hom reeds met en by die dooies te reken.

RouSMART bewerk onttrekking: In vers 7 verwoord hy die vervreemding dat hy nie meer deel voel of deel wil wees van die lewe nie. Hy het die wil en lus tot lewe in die diepte van die wete van die dood verloor.

RouSMART gaan oor skok: In vers 16 word die skok van die werklikheid van die eie dood dan gestel: die verslaenheid van die verskrikking van die werklikheid van jou eie dood. Daar is geen ander uitkoms of heenkome nie, net die dood.

RouSMART gaan oor aanvaarding van vervreemding en verlies. Dit word verseël met die rouSMART om te weet en te aanvaar jy verloor alles en almal wat jy liefhet: "u het geliefdes en bekendes van my vervreem". Mense wat verskrik ver staan en nie meer jou dood in die oë kan kyk saam met jou of die verskrikking van die dood met jou kan deel nie.

4. Wat die Psalm nog so uiters besonders maak is dat hierdie Psalm die laaste oomblik met God verwoord.

Daar is geen geworstel met homself op sy eie, in 'n selfopgelegde isolasie of 'n verwykende geworstel met sy geliefdes nie. Die Psalmeskrywer weet die doodsoomblik is nie bedoel om met enige iemand te deel nie, nie eers met die wat bystaan en sy hand vashou nie.

Die doodsoomblik is 'n oomblik net tussen hom en met God. In hierdie Psalm is dit 'n oomblik tussen God en 'n gelowige wat God altyd geken het as sy Verlosser. Daarom roep hy God dag en nag aan as "die God van sy Verlossing" of die "God van sy heil".

Die Psalm is 'n gebed. Dit mag ons nooit miskyk nie. Elke deel van hierdie Psalm is deel van 'n gebed. Maar dit is 'n gebed in die vorm van 'n weeklag. 'n Gebed waarin 'n mens weet dat God nie die dood gaan wegneem nie.

Die Psalm is in elke deel 'n erkenning van die beskikking en betrokkenheid van God. Alles wat in die siekte tot die dood en in die dood gebeur verwoord hy as dade van God. Ons moet dit goed raaksien: God het Hom in die siekte vasgevang; dit is God se golwe, elke oomblik in hierdie sterwe noem hy "God se golwe." Nie iets onpersoonlik soos: "die dood", nie iets fatalisties soos "die gang van die lewe nie", nie iets bygelowig soos bese magte of kragte nie;

Alles in hierdie terminale siekte is God se golwe: dit is God wat nou so met my besig is!

5. Die diepste oomblik tussen die sterwende en God word verwoord in die vertwyfeling oor die onbegrensde van God se verlossing en troue liefde in die een vraag wat dan uitgebrei word:

Kan u wonders aan 'n dooie doen?

Al die ander vrae is opvolgvrae en 'n uitbreiding van hierdie een vraag: kan u aan 'n dooie 'n wonder doen?

- Kan skimme, geeste, mense wat dood is, opstaan en lewend word?
- Kan God wanneer jou liggaam tot niks word nie, nog getrou wees en betroubaar wees om steeds vir jou God te wees?
- Kan God dit so bewerk dat in die dood, al die liefde en trou wat Hy aan jou bewys het nog steeds vertel word en jy God nog steeds daarvoor loof?

8. Die grootste fout wat ons met hierdie Psalm kan maak is om net te aanvaar dat die persoon weet dat die antwoord: "Nee", is.

Dan is hierdie Psalm niks anders as die ongeloof dat jy in die dood vir God niks word nie, dat jy in die dood vir God verlore is. Sou dit so wees, dan sou hierdie Psalm die mees uitsiglose deel van die Bybel gewees het. Dan is hierdie niks anders as die finale poging om nog een keer te probeer om God van sy mening te verander en om Hom te probeer dwing om jou te genees van 'n terminale siekte nie. Dan probeer die Psalm skrywer God amper afpers met die verwyt dat God sy lof, dank en eer in die dood gaan verloor en hom daarom van sy terminale siekte moet genees

9. Maar dit is nie.

Die skrywer het die dood finaal aanvaar in die skok van die verskrikking van die dood. In die Psalm is daar geen onderhandelinge of skikkings om nog te probeer leef nie. Die enigste verwagting wat nog in hom oor is, daarom dan ook die enigste gebed wat hy nog bid in weeklag, is dat God vir hom God in die dood sal wees. Daarom word hierdie gebed gevra in die vertwyfeling in rou en verlies maar in die wete dat God is die God van sy verlossing.

Hy weet die antwoord moet teen alles wat in hom "Nee" sê, "Ja" wees. Want God is en bly die God van sy verlossing. So het hy God geken en so is God God!

Dit is die sterwenshoop waarin hy sy laaste oomblik met God deel – Hy kan God in die dood wees!

10. Die wyse waarop God hierdie sterwensgebed in vertwyfeling antwoord in en deur Jesus Christus.

Christus is hoe God "Ja", antwoord op elkeen van hierdie vrae.

- Kan God aan 'n dooie 'n wonder doen?
- Kan God geeste as lewende mense laat opstaan?
- Kan daar in die dood van God se troue liefde getuig word?
- Is God betroubaar om sy troue liefde te bewys aan iemand in die dood?

Ja! Christus Jesus het gesterf. Hy was 'n dooie mens in die graf. God het vir Hom: "Ja" gesê en Hom op die derde dag uit die dood laat opstaan om weer as mens vandag onsterflik en onverganklik te leef.

In Christus het God op elkeen van hierdie vrae: "Ja!" geantwoord.

Dit is presies wat God in en deur Jesus Christus doen: Dit is presies hoe Paulus dit in 1 Kor. 15 verwoord. Daarom moet u altyd 1 Kor. 15 met Ps. 88 saamlees.

Kan God aan dooies wonders doen?

Christus het uit die dood opgestaan om vir Here in die dood te wees en ons weer liggaamlik uit die dood te laat opstaan met sy wederkoms. Die dood is verslind in Christus se oorwinning!

Wat is die oorwinning van die dood? Die oorwinning van die dood is die antwoord "Nee!" Sou die antwoord op die vraag, kan God aan dooies 'n wonder doen, "Nee!" wees, dan het die dood oorwin. Dan het die dood vir God 'n grens getrek en 'n muur opgerig vir dy troue liefde. Dan stop sy troue liefde vir sy dienaars by die dood.

Dan is dit soos Paulus tereg uitwys van mense wat God in hierdie lewe liefhet en dien: "As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerendswaardigste van alle mense."(1 Kor. 15:19)

Maar Christus het uit die dood weer as mens liggaamlik lewend opgestaan om ons in sy opstanding te laat deel. Die dood kan nie vir God die grens wees van sy troue liefde en sy verlossingsdade nie.

11. Kan God aan 'n dooie 'n wonder doen?

Ja! Jesus Christus sal hierdie wonder doen dat Hy Elsa as Here in sy troue liefde behou in die dood. In die dood is sy nie vir Hom en sy troue liefde verlore nie, maar Hy is nou God met hom.

➤ Kan geeste opstaan?

Ja! Jesus Christus sal Elsa se gees met sy wederkoms met 'n onsterflike en onverganklike menslike liggaam beklee. Geeste gaan opstaan.

➤ Word daar in die graf gepraat van u troue liefde?

Ja! Die hemelse kore is nou besig om die lof en die grootheid van God te besing. Dit is die lof waarvoor Jesus Christus Elsa voorberei het. Sy het nie vir God stil geword in die graf nie.

➤ Is u wonders en weldade aan Elsa in die dood bekend?

JA!

Dit is hoekom Paulus aan die einde van die hoofstuk stel: "omdat julle weet dat hulle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie".

Alles wat sy as gelowige vir en met die Here gedoen het, is deel van die ewige lewe wat sy met Jesus Christus leef. Alles wat sy vir en met Jesus Christus gedoen het, is en bly vir God en haar behoue, en God se troue liefde vir al die jare met haar is deel van die vertelling van hoe God God is en bly vir haar.

12. Paulus doen hierdie beroep op ons elkeen in vers 58: “Daarom, wees standvastig en onwrikbaar en wy julle ten volle aan die werk van die Here, omdat julle weet dat julle arbeid in die Here nie vergeefs is nie.”

Wat het ons gesien hierdie laaste maande en selfs jare in Elsa se eie rouSMART?

Haar siekte waarin ons elkeen met haar gedeel het dat dit ten dode is? As dit is dat ons die laaste hoop sien sterf het van iemand vir wie God niks meer is en kan wees nie, dan sal dit ons in ons self en ons eie arbeid in die Here wanhopig maak.

Is dit hoe God sy troue dienaars laat sterf? Sonder enige uitkoms en enige hoop? Is dit hoe 'n dienaar van God sterf wat sy hele lewe aan die Here gewy het? 'n Plaas help skep het uit grond, 'n gesin en familie opgebou en gekoester het.

Opgebruik en vergeet? Alleen gelos in haar verlorenheid binne in haarself waar sy van al haar geliefdes al meer en meer vervreem geword het in 'n wêreld waar niemand meer bekend is nie. Waar ons baie keer al verder gestaan het omdat ons nie meer geweet het hoe om met haar in hierdie siekte te wees waar sy nie meer teenwoordig of bereikbaar was nie.

Sou die dood God se troue liefde begrens het en die antwoord op die vraag: “Kan God aan dooies wonders doen?”, “Nee” gewees het, dan was sy opgebruik en vergeet. Dan was haar lewe in diens van die Here tevergeefs. Dit is nog net ons hier wat van haar onthou en dit sal ook vergete raak.

13. U kon dit nie sien nie, want dit is nie eers vir die Psalmeskrywer waar gewees nie. Hy het met hierdie twyfelvrae geweet die antwoord moet ja wees: God is die God van my heil! Ook in die dood!

U kan vrymoedig sien – God antwoord “Ja” in Christus. Kan God getrou en in liefde God wees en wonders aan dooies doen? Ja. Dit is wie Hy is.

Kom ons glo God en rus in sy troue liefde.

Elsa se arbeid in die Here en haar toewyding in liefde was en sal nooit tevergeefs wees nie. Dit is en bly deel van haar ewige lewe saam met die Here, ook deur die

dood heen tot en met die opstanding om weer mens met God te wees in Christus se wederkoms.

Haar lof, dank en eer aan God het nie in die graf stil geword nie. Sy is nou besig om God vir haar lewe oor al die jare as die wonderdade van God sy Verlosser te besing.

God laat sy wonderdade vir haar en deur haar deel wees van God se lof en eer in en deur die dood – vir God, vir ewig.

Kom ons neem in ons eie rou afskeid en weet dat ons nie in ons laaste maande of jare van siekte waarin ons God nie meer in of deur pyn kan loof, dank en eer, of die geesteskrag het om foute reg te stel of sake met God reg te maak, in die wanhoop sterf dat God niks vir dooies kan doen nie.

God doen wonders aan dooies. Dit het ons met Jesus Christus gesien en dit sal vir Elsa en ons self ook waar wees. Daarom kan ons volhard in ons lewe van toewyding in diens in die Here. Die dood is nie vir God 'n "Nee" nie. Jesus Christus se opstanding is God se "Ja!" "Ja!" God doen wonders aan dooies!